12 April 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

## BELEEF BEHOORT BEDIEN




"Jesus vra hom die derde keer:
'Simon seun van Johannes, het jy My lief?'
Petrus het bedroef geword omdat Jesus hom die derde keer gevra het: 'Het jy My lief?', en hy antwoord Hom: 'Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.'
Hy sê toe vir hom: 'Laat my skape wei.'
Daarna sê Hy vir hom: 'Volg My!'"

Johannes 21:17-19

## KERKJAAR: PAASTYD

Die tydperk tussen Paasfees en Pinksterdag is 50 dae. In hierdie tyd dink ons veral na oor Jesus se opstanding.

# EREDIENSTE

## VANDAG

Deuroffers: Koninkryksfonds

**08:30**
Contemporary Service
*The Restoring Fire*
Past Adam
John 21:1–19  Isaiah 43:18–19

Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**
Klassieke Diens
*"Kom na My toe; Ek vergewe en herstel."*
Ds Anton
Johannes 21

**10:30**
Belydenisklas

**19:00**
Open Door Sundays
Ds Anton
*"Come to Me; I forgive and restore."*
John 21

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux  083 504 2613  I  ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker  074 172 9187  I  adam@heidekoppie.com

# BEHOORT



## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**APRIL**

**12:** Ria Conradie, Pype Roworth
**13**: Marie Swanepoel, Elsie van Tonder
**14:** Marie Botha, Abrie Dempers (80jr), Susan Joubert (80jr)
**15**: Helena Bleeker, Martie van Eck
**16:** Alet Koegelenberg, Vickey Pretorius
**17:** Attie Cronje
**18**: Meisie Engelbrecht, Kotie Griessel, Nickey Mills

## Manna vir Manne



Elke Woensdagoggend om 05:45 vergader 'n groepie mans in die gebedskamer vir 'n middel-van-die week "kragopwekker".

Hulle gesels, drink koffie, luister na 'n boodskap en bid saam. Half 7 is hulle klaar en reg vir die dag.

Skakel hier in en word versterk! Ingang vanaf Stasieweg. (Die deur naaste aan die gebedskamer.)
Daag net op of kontak Francois by 082 231 4567.

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## SILWERJARE BYEENKOMS

**Eersk Di 14 April om 10:00**

Ons klub vir senior burgers.

*Brandweer - so maak mens!*

Markdag -
bring 'n geldjie saam.
Tee en verversings.
Navrae: Mona by 081 444 8921

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# KWARTAAL 2 - 'N KWARTAAL OM GEESTELIK TE GROEI



*Opstanding*

40 dae →



*Hemelvaart*

10 dae →



*Uitstorting van die Heilige Gees (Pinkster)*

Die tweede kwartaal het afgeskop net na die Paasnaweek waar ons Jesus se kruisiging en opstanding herdenk het. Die volgende paar weke dink ons aan die tyd nadat Jesus uit die graf opgestaan het totdat Hy opgevaar het na die hemel. Na Hemelvaart begin ons Pinksterdienste.

## MAAK ERNS MET GEESTELIKE DISSIPLINES

*" Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe." 1 Tim 4:7*

Geestelike Dissiplines is Bybelse gebruike en gewoontes wat ons help om geestelik te groei. Soos wat 'n mens uit die naam kan aflei, is hierdie iets wat 'n aksie van ons kant af benodig.



Geestelike Dissiplines sluit dinge in soos bybellees, gebed, naastediens, studie van die bybel, vas, gemeenskap van gelowiges, skuldbelydenis en aanbidding.

**NOTE**

Die aksie self is egter nie die einddoel nie; die doel is om die Gees toe te laat om ons te verander sodat ons meer en meer soos Jesus kan wees.



Geestelike Dissiplines kan korporatief wees (bv om as gemeente saam die Here te loof) of individueel (bv om op jou eie Bybel te lees).

Dit is praktyke wat in die Bybel geleer of beoefen word. (Tuinwerk of sport sal dus nie kwalifiseer nie.) Dit is ook nie iets verhewe bo die evangelie nie; dit vloei uit die evangelie en help ons om dit beter te verstaan.

> Ons is nie meer "geestelik" omdat ons bv gereeld bid nie; gereelde gebed sal egter ons verhouding met Jesus versterk.

Bron:
https://www.desiringgod.org

# ALLERLEI

## JESUS-IN-AKSIE BENODIG WOL



Jesus-in-Aksie wil graag hierdie Winter mense weer help om warm te bly.

Hulle het baie gewillige breiers, maar het ongelukkig nie wol nie.

Indien jy wol het wat jy nie meer gebruik nie (of hulle wil seën met nuwe wol), lewer asb af by die kerkkantoor (weeksoggende 9-12 vm of op Sondae tydens eredienste) of by die rooi Lasarusstoor by Brackenfell stasie (Ma - Vry 08:00 - 15:30).

## HOE BEHOORT DIE KERK TE DINK OOR OORLOG?




## MEELEWING

Twee van ons gemeentelede is die afgelope tyd oorlede:

Gido Jordaan en Christiaan van der Nest. Ons harte is seer saam met hulle eggenotes en kinders in hierdie tyd van rou. Ons bid dat die Here hulle sal vertroos en sal bystaan.

## WERK GESOEK

'n Getroude man (in die dertigs, getroud met twee kinders) is dringend op soek na werk. Boekhou opleiding (Unisa) en ervaring in o.a. boekhouding en admin, kliëntediens, bemarking, verkope, werk by gholfbaan, data-vaslegging, marknavorsing en aandele-mark.
Ook bereid om ander werk (ook kontrakwerk) te verrig.
Kontak die kerkkantoor.

## VERBLYF BENODIG

Twee van ons gesonde senior lidmate (man en vrou) is op soek na


- 'n tuinwoonstel om te huur
- met 'n veilige staanplek vir 'n motor
- in Brackenfell-omgewing, verkieslik Proteahoogte.

Hulle het nie troeteldiere nie.
Kontak die kerkkantoor.

Lees die artikel deur Nadia Marais in die Kerkbode hier:
https://kerkbode.christians.co.za/2026/04/07/nadia-marais-oorlog-en-gerugte-van-oorlog-geseend-is-die-vredemakers/

# BID SAAM





Riana Pfister - Bedieningsleier van die Siekebediening.

## BID VIR DIE GEMEENTE

### SIEKEBEDIENING

Ons Siekebediening kontak, besoek en ondersteun graag siekes in die gemeente.

Ongelukkig dra ons nie altyd kennis van siekes nie. Indien jy siek is of weet van iemand wat siek is, laat weet gerus die kerkkantoor of Riana by 082 942 5276. (Almal hou nie van oproepe of besoeke nie; maak net seker dat die sieke daarmee gemaklik is.) Daar word ook gereeld vir siekes gebid.

Bid vir die Siekebediening vir genoeg lede met vervoer sodat siekes besoek kan word. Bid dat die Here hulle sal help met die regte woorde en ondersteuning sodat die siekes Jesus se liefde sal ervaar. Bid dat siekes die vrymoedigheid sal hê om te laat weet as hulle siek is of gehospitaliseer word vir watter rede ookal. Bid ook vir Riana, die Bedieningsleier wat al die drade bymekaarhou.
Kontak haar gerus (nommer hierbo) indien jy by die Siekebediening wil inskakel.



## BID VIR CHRISTENE IN NIGERIË

Christene in die noorde van Nigerië is nooit seker van hul lewens nie.
Op Paassondag is 26 Christene dood in 'n aanval in Benue. Dieselfde dag is 2 kerke aangeval, 7 mense doodgeskiet en verskeie ander ontvoer. Bid vir die treurende families, vir geestelike leiers wat die gemeentes moet ondersteun, dat die ontvoerdes veilig teruggevind sal word en dat vrede sal terugkeer na Nigerië.






# IN DIE OMGEWING







Hierdie WOORDFEES PRODUKSIE is volgende naweek in Brackenfell. Bespreek by Quicket: https://www.quicket.co.za/events/367883-mag-van-twee/?ref=events-list#/ of koop kaartjies by die deure.



# PAASTYD

## HUISGELOOF



**Paastyd is 50 dae lank, vanaf Paasfees tot Pinksterfees. 40 dae na Paasfees is dit Hemelvaart en 10 dae later vier ons Pinksterfees.**

Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

**12 APRIL 2026**

**PAASKERS**

**JOHANNES 20**

### OMGEE

Vertel wat vir jou die lekkerste van Paasfees was? Vertel ook wie of wat het jou help onthou dat Paasfees oor Jesus se kruisiging en opstanding gaan? Dalk was dit hot cross buns, Paaseiers, 'n kruis, 'n diens, 'n kunswerk of 'n liedjie?

### DOEN

Maak 'n Paaskers vir Paastyd wat julle gereeld kan aansteek om te onthou dat Jesus die dood oorwin het. Hy is die Lig!

Op die Paaskers is daar 'n kruis, 'n Alfa- en Omega-teken, en die jaartal om ons te herinner dat Jesus by ons teenwoordig is.

Intruksies: soek "Paaskers" op www. dinkjeug.co.za.

### GESELS

Het jy geweet dat, volgens die Bybel, Jesus meer as 10 keer en aan meer as 500 mense verskyn na sy opstanding? Hy het aan gelowiges verskyn, maar ook aan dié wat twyfel:

**Lees: Johannes 20:19-31**

- Hoe sou jy gevoel het as jy in die dissipels se skoene was?
- Hoekom was dit vir Tomas moeilik om te glo?
- Watter woorde van Jesus staan vir jou uit?
- Hoe sal jy iemand wat twyfel bemoedig?

### BID

Here, help my wanneer ek twyfel...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play: Apple iStore:

Skakel na Hulpmiddels / Paaskers:

https://mailchi.mp/295d32cb7476/dinkjeug-wenk-van-die-week-12042026?e=d0e30bd857